MATLA A BOKONE SOLAR

Formerly known as Droogfontein 2 Solar (RF) (Pty) Ltd



# KWARTAAL 2 2023 NUUSBRIEF

## BEURSSUKSES**VERHAAL**

UITEINDELIK IS ONS GEGRADUEERDES – HALALA MATLA HALALA! Ons is trots om aan te kondig dat twee studente wat deel van ons beursprogram was met sukses gegradueer het.


Botshelo Lukas het 'n Baccalaureus in Sosiale Wetenskappe aan die Universiteit van die Vrystaat behaal, terwyl Gary Leander 'n Baccalaureus Scientiae in Datawetenskap met lof aan die Sol Plaatje Universiteit behaal het.

Ons verwelkom ook vir Bophelo Segolodi, 'n eerstejaarstudent wat met 'n Baccalaureus in Ingenieurstegnologie in Elektriese Ingenieurswese aan die Tshwane Universiteit van Tegnologie begin het, in ons beursprogram. Ons hoop dat Botshelo en Gary se suksesverhale hom en talle ander sal inspireer.

Sedert die instelling daarvan in 2020 is ons beursprogram daaraan gewy om befondsing aan kwalifiserende studente te verskaf om tersiêre onderrig te volg sodat toegang tot hoër onderwys verbeter kan word.








## LOOPBAANVOORLIGTING EN LEIERSKAPSONTWIKKELING: **FASE 2**

Ons het fase 2 van ons Loopbaanvoorligting- en Leierskapsontwikkelingsprogram in samewerking met die Departement van Onderwys suksesvol voltooi.

Hierdie kwartaal het ons opleidingsmodules aan meer as een duisend (1 000) graad 9-leerders in ses begunstigde hoërskole in ons gemeenskappe verskaf. Die opleidingsmodules het daarop gefokus om leerders te help om 'n beter begrip van hulleself te verkry, ingeligte vakkeuses te maak en hulle toekomspad te beplan.

**Die terugvoer van leerders was positief, met Jeremaya Costa van Tshireleco Hoërskool wat sê:** "Ek het geleer dat ek die vakke wat ek wil kies, moet verstaan, aangesien dit my loopbaankeuses kan raak as ek die verkeerde vakke kies."



## PIENK WAARDIGHEIDSAKKIES – **GIRL PRIDE-INISIATIEF**

As deel van 'n "Girl Pride"-inisiatief het ons aan een duisend (1 000) graad 8-meisies in 10 hoërskole in ons begunstigde gemeenskappe pienk waardigheidsakkies oorhandig.

Elke sakkie het ses pakkies met sanitêre doekies bevat, wat ontwerp is om tot ses maande te hou. Die doel van hierdie inisiatief is om 'n positiewe impak op die sielkundige, liggaamlike en emosionele welstand van hierdie meisies te maak, en om jong meisies aan te moedig en te help om tydens hulle maandstonde op skool te bly.

Die hoërskole wat sakkies ontvang het, was: Tlhomelang, Pescodia, Platfontein, Greenpoint, Homevale, Emmanelle, Thabane, Emang Mmogo, Vuyolwethu, en EP Lekhela Hoërskool.

Hierdie sosio-ekonomiese ontwikkelingsinisiatief het ook daartoe bygedra om 'n Jong Vroue in Besigheid plaaslike KMMO te stimuleer, wat die impak verdubbel het.

## BEMAGTIG LEERDERS MET **NUWE SKOOLSAKKE**



Een duisend (1 000) graad 1-leerders in 10 skole in die Sol Plaatje Plaaslike Munisipaliteit-gebied het weer eens vir die derde agtereenvolgende jaar splinternuwe skoolsakke ontvang.

Hierdie inisiatief se doel is om eiewaarde te verhoog en hulle belangrik te laat voel, wat hulle bemagtig om akademiese sukses te behaal.

**Nono Gumede, adjunk-hoof- opvoedkundige spesialis by die Noord-Kaapse Departement van Onderwys, het haar dankbaarheid uitgespreek en gesê:** "Dit is werklik bemoedigend om die voortgesette verbintenis van Matla A Bokone tot die kinders in ons skole te sien. Vir die meeste van hierdie kinders is dit nie net 'n skoolsak nie, maar bewys dat daar iemand daarbuite is wat vir hulle welstand omgee."

Die laerskole wat sakke ontvang het, was Greenpoint, Pescodia, Platfontein, Zingiza, Masiza, Mankurwane, Reneilwe, Boitshoko, Olympic, en Endeavour Laerskool.


Hierdie sosio-ekonomiese ontwikkelingsinisiatief het voorts ook tot plaaslike KMMO-stimulasie bygedra deur 'n plaaslike diensverskaffer te gebruik en het só die impak verdubbel.

## 2023 **GEMEENSKAPSVERGADERINGS**

Besonderhede oor die volgende gemeenskapsvergadering sal op Matla A Bokone se aanlynplatforms deurgegee word.

## KWARTAALIKSE **BESTEDING**

- Ondernemingsontwikkeling
- Jong Vrouens-in-Besigheid
- Ondersteuning vir Bejaardes
- Mobiele Kliniek
- Beurse
- Beroepsleiding en Leierskap




## KONTAK **ONS**

Matla A Bokone Solar PV Facility
Riverton, Kimberley, 8301

**Kantoorure:**
Maandae – Vrydae: 8h30 to 17h00

**Skakelbeampte**
Lesego Mosiane
079 492 5710
lesego.mosiane@eimsafrica.com